Tel: 051- 401 3995 | Epos: shepherd@ufs.ac.za

Like ons op Facebook: *Shepherd Centre UFS*
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Shepherd **is trots om in samewerking met** ***Talent & Wellness Management*** **die volgende opwindende werkswinkel aan leraars/ eggenotes/gemeenteleiers en belangstellendes te bied:**

GEBOU OM TE HOU

Reeks werkswinkels om die uitdagings van die bediening/lewe die hoof te bied

BLOK 2: EMOSIONELE INTELLIGENSIE (EI) VIR EFFEKTIEWE GEMEENTEBESTUUR

Destiny is not a matter of chance, it is a matter of choice. It is not a thing to be waited for, it is a thing to be achieved. - William Jennings Bryan

Daar is 'n massiewe toename in belangstelling in emosionele intelligensie (EI). Emosionele intelligensie het gekom om te bly. Mense kom toenemend onder die besef van die belangrikheid van emosies in ons elke dag se handeling. Emosies is geïmpliseer in alles wat ons doen: elke aksie, besluit en oordeel. Emosioneel intelligente persone wend hul denke aan om hul emosies effektief te bestuur, eerder as dat hulle deur hul emosies regeer word. Die effek van EI word deur beide teorie en praktyk ondersteun.

Relevante teorie, wetenskaplike bewyse, gevallestudies en praktiese aktiwiteite dra tot 'n buitengewone leerervaring by. Die ontwikkeling van jou emosionele intelligensie sal jou prestasie verbeter. Die ontwikkeling van EI neem tyd, maar sal lei tot gedragsverandering wat voortduur. Dit sal die manier waarop jy jouself en ander hanteer merkbaar verbeter. Van die voordele sluit in:

- verbeterde verhoudings
- verbeterde kommunikasie met ander
- beter empatie vaardighede
- optrede wat van integriteit spreek
- respek van ander
- verminderde stress
- verbeterde beroepsfunksionering
- beter veranderingsbestuur
- minder magspele by die werk
- beter vlakke van selfvertroue en positiwiteit
- verhoogde kreatiwiteit en
- leer van foute

Aanbieders: Drs Annette Prins en Annette Weyers | **Datum:** 4 - 6 Mei 2015 | **Tye:** Dag 1: 13:00 - 17:30, Dag 2: 08:00 - 17:00, Dag 3: 08:00 - 13:00 | **Plek:** BloemCare Konferensie Sentrum, AG Visserstraat 11, Langenhovenpark, Bloemfontein | **GPS Koördinate:** S 29°05'10.66" E 26°09'23.6" | **VBO-Punte:** 20 per blok | **Koste:** R960 ('n Faktuur word na die aanvang van die werkswinkel uitgestuur.) | **Voorlopige Registrasie:** SMS D25150, naam en **eposadres** na 31029

UFSUV | UFSweb | UFSweb

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

UFS
UV